Algemene kennisgewings

# GROUP FIVE

PUBLISHEDTEXT **10 JUL 2026**

**Kennisgewing aan belanghebbendes: Afsluiting van Group Five-ondernemingsreddingsverrigtinge**

Na aanleiding van die aankondigings op 30 Junie 2026 ("beëindigingsdatum") deur die ondernemingsreddingspraktisyns (BRPs) van Group Five Limited ("Group Five") en Group Five Construction Proprietary Limited ("Group Five Construction") wat die formele beëindiging bevestig van die ondernemingsreddingsverrigtinge van albei maatskappye ("Group Five Groep") (skakels na formele kennisgewings van beëindiging hieronder), het Group Five Groep nou 'n na-ondernemingsreddingsomgewing betree. Dit sal fokus op die verantwoordelike afsluiting van die oorblywende uitstaande sake, behoud van toepaslike oorsig en versekering dat alle oorblywende bedrywighede omsigtig bestuur word namens die oorblywende belanghebbendes.

Met die aanvang van ondernemingsreddingsverrigtinge in Maart 2019, het ongeveer R7 miljard se krediteur- en voorwaardelike blootstellings, meer as 2,300 krediteure, 119 aktiewe projekte en byna 6 000 werknemers met bedrywighede in 180 maatskappye oor 38 lande, Group Five in die gesig gestaar. Onafhanklike ontleding deur PwC het destyds uitgewerk dat in die alternatiewe situasie van 'n onmiddellike likwidasie (in teenstelling met ondernemingsredding), sou versekerde krediteure so min as 65 sent in die rand en konkurrente krediteure slegs 3.4 sent in die rand ontvang met geen uitsig op enige verhaling vir aandeelhouers.

Teen die beëindigingsdatum is alle versekerde en voorkeureisers ten volle (100 sentin die rand) betaal en alle konkurrente krediteure met betrekking tot hul bewese en/of aanvaarde eise ten volle (100 sent in die rand) betaal en belanghebbendes in 'n beter posisie geplaas as in die likwidasie alternatief.

Hierdie advertensie is amptelik op 10 Jul. 2026 gepubliseer en kan by die volgende skakel verkry word: https://www.netwerk24.com/kennisgewings/kennisgewing/15fdc5f2-0452-48aa-bd7b-c4b236c9bc7b/4010?tenant=netwerk24 Klik op die skakel om die oorspronklike advertensie te sien. Hierdie is 'n formele verklaring wat as onweerlegbare bewys by die Meester van die Hof ingedien kan word.

NETWERK24

Fondse is opsy gesit om daardie konkurrente krediteure te skik wat nog nie hul distribusies geëis het nie (ten spyte van verkeie pogings om sodanige krediteureen/of versoeke aan sodanige krediteure om na vore te kom met die nodige inligting) en vir die moontlike skikking, indien so vereis, van konserwatief geskatte voorwaardelike aanspreeklikhede wat in die toekoms kan ontstaan.

Konkurrente krediteure, insluitend handelskrediteure en sub-kontrakteurs wat nog nie enige of al hul distribusies ontvang wat hulle glo aan hulle verskuldig is nie, word aangeraai om vir Nesh Singh by nsingh@groupfive.co.za te kontak met die besonderhede van hul eise sodat betalings gemaak kan word.  Betalings sal slegs gemaak word aan erkende en bewysde konkurrente krediteure in ooreenstemming met die ondernemingsreddingsverrigtinge en die goedgekeurde ondernemingsreddingsplanne.  Eisers en hul eise sal bekragtig word, insluitend die eis wat so ingedien word, bankbesonderhede en die identifikasie van die eiser.

Die ordelike afwinding van die hoog-komplekse Group Five-struktuur, saam met die gestruktureerde implementering van die ondenemingsreddingsplanne het Group Five Limitedin a posisie geplaas om potensieel 'n opbrengs te lewer aan sy aandeelhouers wanneer al die oorblywende sake gefinaliseer is.

Met die voltooiing van die aansienlike implementerings van die ondernemingsreddingsplanne, betree Group Five Groep die afhandelingsfase, wat gefokus is op die afhandeling van uitgestelde bate-vervreemdings, die afhandeling van hangende regsgedinge, die bestuur van kontraktuele verpligtinge met 'n lang looptyd, en die afhandeling van oorblywende korporatiewe sake soos oudits, belasting en die ontbinding van die oorblywende groepstruktuur in verskeie jurisdiksies.

Die beheer van Group Five Limited met ingang van die beëindigingsdatum is aan die bestaande raad van direkteure van die maatskappy, tans met 'n enkele uitvoerende direkteur, oorhandig. Dit is die voorneme van die bestaande raad, van beide 'n nakomings- en aandeelhouerverteenwoordiging perspektief, om verdere onafhanklike nie-uitvoerende direkteure so gou prakties aan te stel.  Die raad sal toesig hou oor alle oorblywende onafgehandelde finansiële en administratiewe sake wat bestaan het op die beëndigingsdatum.

Die beheer van Group Five Construction, die hoofbedryfsentiteit met ingang van die beëindigingsdatum, is oorhandig aan 'n tussentydse raad van direkteure wat aangestel is. Die raad sal toesig hou oor alle oorblywende onafgehandeldefinansiële en administratiewe sake wat bestaan het op die beëndigingsdatum.

Aandeelhouers van Group Five Limited (met betrekking tot die aandele van die maatskappy wat voorheen op die JSE genoteer was) word versoek en aangeraai om Computershare te kontak en hul besonderhede op datum te bring.

Hierdie advertensie is amptelik op 10 Jul. 2026 gepubliseer en kan by die volgende skakel verkry word: https://www.netwerk24.com/kennisgewings/kennisgewing/15fdc5f2-0452-48aa-bd7b-c4b236c9bc7b/4010?tenant=netwerk24 Klik op die skakel om die oorspronklike advertensie te sien. Hierdie is 'n formele verklaring wat as onweerlegbare bewys by die Meester van die Hof ingedien kan word.

NETWERK24

Die kontakbesonderhede vir Computershare is as volg: Tel. 011 370 5000 of www.computershare.com / www-uk.computershare.com/investor/www.computershare.com/za/contact-us.

Vir enige verdere navrae, kontak asseblief die raad:

companysecretary@groupfive.co.za

Formele kennisgewings is beskikbaar by G5 Limited:

http://www.g5.co.za/group_five_limited.php en G5 Construction:

http://g5.co.za/group_five_construction.php

## Kennisgewing besonderhede

**NAAM**

Kennisgewing aan belanghebbendes: Afsluiting van Group Five-ondernemingsreddingsverrigtinge

GROUP FIVE

MEDIA24